H O O F S T U K 7

7 SAMEVATTING

7.1 Oriëntering en motivering vir die ondersoek

Die toenemende aantal immigrantekinders wat hulle sedert 1961 by skole inskryf, het die onderwys gekonfronteer met verskillende probleme. Die probleme is van sodanige aard dat verskeie versoeke tot die Minister van Nasionale Opvoeding gerig is om ondersoek na die onderwys van immigrantekinders in te stel[1]. Die doel van hierdie studie is om 'n objektiewe beskrywing te gee van die didakties-pedagogiese situasie waarin immigrantekinders hulle in 31 skole in die ondersoekterrein van die yster-en-staal- en die petrochemiese nywerheidsgroeipunt in Transvaal en Vrystaat aan weerskante van die Vaalrivier bevind[2]. Die studie is gedurende 1971-72 gedoen met terugverwysing na 1961. Die universum het bestaan uit 17 608 kinders waarvan 2 022 immigrante was. As steekproef is 300 immigrante- en as kontrolegroep 300 Suid-Afrikaanse kinders in 17 skole betrek[3]. Verdere inligting is uit amptelike en nie-amptelike dokumente, onderhoude en direkte waarneming verkry. Buitelandse ondersoek is onder andere in die immigrasielande Israel, Wes-Duitsland, Switserland, Frankryk, België, Engeland, die V.S.A. en Kanada gedoen[4]. Van die verskillende terme wat vir hierdie ondersoek omskryf is, is die volgende definisies van immigrantekinders van bepalende belang:

---

1. Vergelyk paragraaf 1.1.
2. Vergelyk paragraaf 1.3.
3. Vergelyk paragraaf 3.2.
4. Vergelyk paragraaf 5.3.

Definisie vir statistiese doeleindes[5]: 'n Immigrantekind is 'n kind van ouers wat as vreemdelinge ingevolge die geldende wetsbepalings wettig tot die R.S.A. vir permanente verblyf daarin toegelaat is en vir Suid-Afrikaanse burgerskap deur naturalisasie in aanmerking kom of uiteindelik kan kom, of tydens die leeftyd van die kind reeds Suid-Afrikaanse burgerskap deur naturalisasie verkry het.

Definisie vir taalonderwysdoeleindes[6]: Immigrantekinders wat behoefte het aan taalonderwys is:

(1) Kinders wie se moedertaal Engels is, maar wat geen kennis van Afrikaans as tweede taal het nie;

(2) Kinders wie se moedertaal nóg Afrikaans nóg Engels is en wat geen kennis van Afrikaans of Engels as tweede taal het nie; en

(3) Kinders wie se moedertaal nóg Afrikaans nóg Engels is, maar wat wel 'n kennis van Afrikaans of Engels as tweede taal het.

Bogenoemde leerlinge skep taalprobleme in skole.

Met kennis van die voertaal of tweede amptelike taal as kriterium kan immigrantekinders verder vir taalonderwysdoeleindes as volg gedefinieer word:

'n Immigrantekind is 'n kind wat nie die voertaal en/of die tweede amptelike taal op geselstrant kan beheer nie, die taalstruktuur van die betrokke taal nie willekeurig en outomaties vir kommunikasie kan aanwend nie en die voertaal en/of tweede amptelike taal nie met begrip of bevredigende spoed kan lees nie of korrek kan skryf nie. Die kind is dus 'n potensiële bron van linguistiese probleme in die voertaal en/of die tweede amptelike taal.

---

5. Vergelyk paragraaf 1.4.1.3.
6. Vergelyk paragraaf 4.3.3.3.

7.2 Immigrasie in die R.S.A.

Dit is essensieel om 'n geheelbeeld van immigrasie in die R.S.A. te verkry, aangesien dit bepalend vir onderwysverskaffing aan immigrantekinders is. Waar immigrasie dui op die immigrant se begeerte om suksesvol in die nuwe omgewing te wees, is die onderwys by uitstek geskik om die immigrante in die immigrasie= land in te burger. Die onderwys kan egter ook as 'n verdedigings= meganisme aangewend word om die kultuur van die land van herkoms te behou. Dit blyk uit die Suid-Afrikaanse immigrasiegeskiedenis dat waar 'n verspreidingsbeleid en integrasie met die meerderheid van die blanke gemeenskap gevolg is, soos in die geval van die Franse Hugenote, die onderwys kulturele verandering meegebring het[7]. Groepsvestiging soos dié van die Engelse en Duitsers het egter hulle groepsidentiteit, onder andere deur die onderwys, bewaar. Immigrasie is tans nodig om 'n ekonomiese groeikoers van $5\frac{1}{2}\%$ te handhaaf vir sover blanke werkkrag daarvoor nodig is, en om demografiese en sosiaal-kulturele redes[8]. Die Departement van Immigrasie is in 1961 gestig om immigrasie te bevorder. Omdat die Departement van Immigrasie nie die inskakeling van immigrante onderneem nie, word staatsgesubsideerde private organisasies en die Departement van Nasionale Opvoeding en provinsiale onderwysdepartemente daarvoor betrek. Die immigra= sie van 40 000 immigrante van 'n verskeidenheid Europese en ander lande bring 'n wins van 7 000 skoliere jaarliks mee[9]. Die immigrante vestig hulle veral om sosio-ekonomiese redes in nywerheidsgroeipunte waar hulle vestigingspatroon 'n belangrike invloed op die onderwys uitoefen.

7.3 Die onderwys van immigrantekinders in die bepaalde nywerheidsgroeipunt van die R.S.A.

Die immigrantekinders in die ondersoekterrein is hoofsaaklik afkomstig van die oorbevolkte swaarnywerheidsgebiede of arm agrariese gebiede van Sentraal- en Suid-Europa en die Verenigde

---

7. Vergelyk paragraaf 2.3.
8. Vergelyk paragraaf 2.4.
9. Vergelyk paragraaf 2.6.

Koninkryk. Vlugtelinge van Oos-Europa tel ook onder die immigrante. Volgens hulle taalherkoms is die immigrante vir doeleindes van hierdie studie in drie kategorieë verdeel, nl. Engels, 34%, Kontinentaal-Germaans, 28%, en Diverse, 38%[10]. Talle immigrante is van Grieks-Ortodokse en Rooms-Katolieke herkoms, en laasgenoemde het die getal Rooms-Katolieke plaaslik aansienlik laat toeneem.

Volgens die voertaalbepalings is die taalverhouding van Afrikaans tot Engels in Transvaal 7 : 1, O.V.S. 9 : 1 en in die ondersoekterrein 9 : 1[11]. Al 100% Engelssprekende immigrante is tot Engels as natuurlike ouerkeuse verplig. Diegene met geen kennis òf van Engels òf van Afrikaans as voertaal se ouers oefen 'n kunsmatige ouerkeuse uit sodat 97% van die Diverse immigrante Engels neem en so ook 45% van die Kontinentaal-Germaanse immigrantekinders. Die res neem Afrikaans sodat Afrikaans die voertaal van slegs 19% van die universum immigrantekinders is teenoor 81% wat Engels kies. Die motiewe waarom voorkeur aan Engels as voertaal gegee word, is ook nie altyd opvoedkundig verantwoordbaar nie.

Die immigrantekinders is volgens hulle voertaalkeuse sodanig in die openbare, private en kleuterskole van die ondersoekterrein verspreid dat die persentasie immigrantekinders in Engelsmediumskole $>40\%$ is, in parallelmediumskole 5 - 15% en in Afrikaansmediumskole $<5\%$ is[12].

Voorsiening is gemaak vir bevorderingskonsessies en personeeltoewysing aan immigrantekinders, maar vanweë hulle opeenhoping in Engelsmediumskole word die personeel, wat nie spesifiek vir immigranteonderwys opgelei is nie, hoofsaaklik in Engelsmediumskole aangestel. Hier behartig hulle taalonttrekkings- of suiwer immigranteklasse, terwyl die gewone personeel die res

---

10. Vergelyk paragraaf 3.3.
11. Vergelyk paragraaf 3.4.1.
12. Vergelyk paragraaf 3.4.3.1.

van die immigranteonderwys behartig aangesien skoolpligtige immigrante direk in klasse ingedeel is en die gewone kurrikulum volg[13].

7.4 Probleme in die onderwys van immigrantekinders

Vreemdheid is die dinamiese onderliggende probleem in die onderwys van immigrantekinders[14]. Die sosiaal-kulturele doelstelling van die onderwys in die R.S.A. is om die kind in die nasionale kultuur van die R.S.A. op te voed. Dit veronderstel 'n nasionale primêre en sekondêre idiostante kultuurkring waarin die kontinuïteit van die opvoeding normaalweg deur medium van die moedertaal verloop. Die probleem is egter dat die kontinuïteit van die opvoeding sedert 1961 nie meer normaal verloop nie vanweë die toenemende aantal oneweredig verspreide immigrantekinders wat in variërende mate vreemd is in en aan die Suid-Afrikaanse didakties-pedagogiese situasie. Hulle vreemdheid varieer na gelang van hulle blootstelling aan die kultuur van die land van herkoms en hulle kontak en interaksie met die Suid-Afrikaanse kultuur. Verskillende grade van vreemdheid kan dus by immigrante onderskei word[15]. Die immigrante se kultuurvreemdheid spruit uit die sosiale proses van enkulturasie of opvoeding in eie kultuur. Die mens verloor met toenemende ouderdom die veelsydigheid om taal en kultuur aan te leer en weerstaan toenemende verandering. Daarom is kulturele kontinuïteit so belangrik, en die onderbreking van die kontinuïteit deur immigrasie so 'n probleem. Die vreemdheid van immigrante wissel na gelang van vreemdheidsfaktore soos onder andere ouderdom van immigrantekinders, lengte van verblyf, voertaalkeuse, kultuuraftand, hoeveelheid en diversiteit van immigrante, genetiese en godsdiensvreemdheid, verspreiding of konsentrasie en die houding van die Suid-Afrikaners.

---

13. Vergelyk paragraaf 3.7.
14. Vergelyk paragraaf 4.2.
15. Vergelyk paragraaf 4.2.4.

Taal en kommunikasie is ab initio die immigrante se probleem omdat taal opvoedingsmedium en kultuurdraer is[16]. Alhoewel denke afsonderlik van taal ontstaan, word denke deur taal bepaal. Taalontwikkeling word bepaal deur die mate waarin die kind hom aan sy medemens verstaanbaar maak. Daarom is maksimale taalinteraksie met die sosiale taalgemeenskap essensieel. Dit is belangrik dat die lerende kind nooit in taalgebruik mag stagneer nie omdat taalremming en taaltekorte hulle op die opvoeding van die kind wreek. Talle immigrante se probleem is juis dat hulle gesosialiseerde eksterne taal ná immigrasie nie effektief is nie en dat hulle innerlike taal en denke steeds deur medium van die primêre egosentriese moedertaal geskied. Hulle skolastiese peil is ver hoër as hulle vermoë in die vreemde voertaal. Talle "stom" immigrante se pedagogiese ontplooiing is deur immigrasie onderbreek omdat immigrantekinders probleme ervaar met uitspraak, vreemde taal= simbole, taalafstand en taalverwarring. Boonop word van hulle vereis om twee amptelike tale aan te leer. Hulle opeenhoping in Engelsmediumskole lei tot taalgroepvorming. Private moeder= taalonderwys en ghettovorming beperk ook fisiese funksionele taalkontak met die Suid-Afrikaners, wat 'n vereiste is al leer 'n kind die taal paties of gnosties aan. Die ouderdom waarop die immigrantekind die nuwe voertaal moet aanleer, bepaal die kind se linguistiese probleme en die wyse waarop die interne en eksterne wêreld gekonstitueer is.

Die immigrantekinders se toetsprestasie in die N.S.A.G.T. word grootliks bepaal deur hulle kennis van die voertaal en die Suid-Afrikaanse kultuur. Alhoewel I.K. metastabiel is, wil dit uit die verskil in immigrante se toetsprestasie voor= kom asof daar 'n positiewe korrelasie tussen taalontwikkeling met blootstelling aan die Suid-Afrikaanse kultuur oor tyd en intelligensie is[17]. Dit blyk uit die gemiddelde toename in toetsprestasie dat die Kontinentaal-Germaanse kinders se toetsprestasie meer verbeter as die Engelse en Diverse kinders s'n, wat daarop dui dat die Kontinentaal-Germaanse kinders beter deur breek tot die Suid-Afrikaanse kultuur, blykbaar

---

16. Vergelyk paragraaf 4.3.
17. Vergelyk paragraaf 4.3.9.

as gevolg van 'n kleiner kultuurafstand en die groter blootstelling aan die Suid-Afrikaanse kultuur, wat inpassing ter plaatse bevorder. Die toetsresultate stem ooreen met dergelike resultate in Engeland en die V.S.A., nl. dat immigrantekinders van Sentraal- en Noord-Europa en Engelssprekende lande se skolastiese potensiaal net so goed en selfs beter as dié van die outochtone bevolking is en dat kinders van Suid-Europa blykbaar 'n agterstand toon wat deels aan genetiese en deels aan sosio-ekonomiese omgewingsfaktore en kultuurafstand toegeskryf kan word[18].

Die Diverse immigrantekinders se skynbare onvermoë om tot die Suid-Afrikaanse kultuur deur te breek, moet ook deels aan 'n gebrek aan blootstelling aan die kultuur toegeskryf word as gevolg van opeenhoping in Engelsmediumskole, ghettovorming en isolasie.

Probleme word in verband met die skoolpligtigheid van immigrantekinders ondervind omdat die Suid-Afrikaanse skoolpligtige ouderdomme van dié in die emigrasielande verskil, en dit gee aanleiding tot 'n verskil in skolastiese niveau[19]. Talle Engelse vyfjariges wat reeds op skool was, is hier nog nie skoolpligtig nie, terwyl talle Mediterreense immigrante wat reeds die skool verlaat het, weer in die R.S.A. skoolpligtig is.

Die oneweredige verspreiding van immigrantekinders in die skole van die ondersoekterrein is 'n dinamiese onderwysprobleem. Daar is 'n oneweredige numeriese verhouding tussen immigrante- en Suid-Afrikaanse kinders in skole, t.w. 1 : 35 en 1 : 44 in Afrikaansmedium primêre en sekondêre skole teenoor 1 : 1 in Engelsmediumskole[20]. Volgens hierdie verhouding verdwyn die immigrantekinders in die Afrikaansmediumskole, terwyl die opeenhoping van immigrantekinders in Engelsmediumskole die nasionale karakter van die skool belemmer en 'n probleem van behoud van eie identiteit veroorsaak. Daar is ook in klasse 'n oneweredige numeriese verhouding tussen immigrante- en

---

18. Vergelyk paragraaf 4.7.
19. Vergelyk paragraaf 4.4.
20. Vergelyk paragraaf 4.5.

Suid-Afrikaanse kinders. Waar 98% van die primêre-skool= immigrante in Engelsmediumskole en dáár weer in die junior primêre fase konsentreer, soos 108 Diverse immigrante in Graad 1 in die Engelsmedium primêre skool no. 1, moes hulle geïsoleer word om die Suid-Afrikaners te beskerm. Die onderwysgebeure word versteur in klasse waar die verhouding van immigrante tot Suid-Afrikaners 3 : 1 bereik, dit beperk albei groepe se kontak met en rem ontplooiing in die Suid-Afrikaanse kultuur, en dit motiveer ook die Suid-Afrikaners se uitwyking. Immigrantekinders is ook oneweredig versprei in kursusse waar die Diverse immigrante in die St. 8-kursus en die aanpassingsklas konsentreer. Daar is ook 'n oneweredige numeriese verhouding tussen etniese groepe immigrantekinders in soverre 62% van al die Portugese in een skool konsentreer.

Die oorsake wat aanleiding gee tot oneweredige verspreiding van immigrantekinders is hulle taalvreemdheid, hulle voorkeur aan Engels, godsdiensvreemdheid en die feit dat die Rooms-Katolieke en Grieks-Ortodokse immigrantekinders in private en Engelsmediumskole akkumuleer, etnosentrisme, kulturele konflik en die vestigingspatroon van immigrante. Aggressiewe immigrasie gee aanleiding tot konflik, wat die outochtone bevolking laat wyk voor die massa vreemde immigrante.

Die dinamiese proses en die gevolge van oneweredige verspreiding blyk duidelik uit 'n analise van die skoolgetalle in die Engels= mediumskole waarin immigrantekinders akkumuleer en die naburige Afrikaansmediumskole. In die Engelsmediumskool no. 1 het die immigrante van 1961 tot 1972 van 18 tot 468 toegeneem en die verhouding van immigrante tot Suid-Afrikaners het van 1 : 49 tot 2 : 1 verander, aangesien die immigrantekinders 'n groeikoers van 33% gehandhaaf het[21]. 'n Soortgelyke sneeubalneiging kom in die Engelsmedium primêre skool no. 2, asook in die Engels= medium sekondêre en private skole voor. Uitwyking van Suid-Afrikaners uit hierdie skole gaan gepaard met skielike groot= skaalse toename van 'n verskeidenheid of van een nasionaliteit immigrante in 'n bepaalde skool. Sodra die immigrantegetalle

---

21. Vergelyk paragraaf 4.5.3.

bo 20% styg en sodra die verhouding van outochtone tot immigrantekinders < 1 : 3 word, wyk die outochtone kinders uit. Nieteenstaande die feit dat daar minder as 5% immigrante in die naburige Afrikaansmediumskole is, toon die skole se getalle ook 'n afname, daar die Suid-Afrikaners uit die woonbuurte en natuurlike voedingsgebiede van die skole wyk as gevolg van immigrantegroepsvestiging. Hierdie skole se getalle moet op kunsmatige wyse deur hersonering en busvervoer aangevul word.

Die bestendige aanvulling van die getalsterkte van immigrante van dieselfde nasionale herkoms laat hulle private immigrante-skole stig as verdedigingsmeganisme om hulle nasionale kultuur te behou[22].

Evaluering van immigrantekinders se skolastiese prestasie toon dat hulle beter presteer in parallelmediumskole, dat Kontinentaal-Germaanse kinders die beste presteer en dat die grootste erosie by Diverse immigrante voorkom[23]. Die Engelse presteer onder hulle vermoë, blykbaar as gevolg van swak motivering. Daar is 'n positiewe korrelasie tussen woordeskattoename en verblyf, en immigrante toon 'n behoefte aan intensiewe taalonderwys vir twee tot drie jaar en daarna aanvullende onderwys. Taaltekorte moet dus vir twee tot drie jaar by promosie in aanmerking geneem word. Die matrikulasiekonsessies moet dus vir Diverse kinders behou word maar opgehef word vir Engelse en Kontinentaal-Germaanse kinders.

Diegene wat maksimaal oor tyd en vlak aan die Suid-Afrikaanse kultuur blootgestel is, presteer beter as diegene wat in klasse opeenhoop en 'n remmende invloed op mekaar se prestasie het. By aanvanklike homogene klasindeling in Graad 1 presteer immigrantekinders uiteindelik na verspreiding goed. Skolastiese prestasieprobleme van immigrante kan onder andere toegeskryf word aan immigrantekinders se kulturele verstokenheid en milieugestremdheid, verskil in skolastiese niveau, swak motivering, swak inskakeling, ongereelde skoolbesoek en swak deelname aan groepwerk.

---

22. Vergelyk paragraaf 4.6.
23. Vergelyk paragraaf 4.7.

Probleme in verband met metode, sillabus en hulpmiddels kan onder andere toegeskryf word aan 'n onvoldoende voorraad oudio=visuele hulpmiddels en taalprogramme wat op die geskrewe en nie op die lewende taal gebaseer is nie.

Die opdrag om kinders van verskillende kulture en skolastiese agtergrond op te voed, is moeilik en 'n taak waarvoor sommige onderwysers swak toegerus is. Onderwysers word ook nie ekonomies benut nie. Die vreemdheid en groepsvorming van immigrante en Suid-Afrikaners rem die verloop van inburgering en die kontinuïteit en die betrokkenheid van die immigranteouers by die opvoeding van hulle kinders.

7.5 Onderwys aan immigrantekinders in die buiteland

Die inter- en intrakontinentale bevolkingsbeweging laat miljoene mense uit bykans alle lande en volke met uiteenlopende tale migreer om in steeds toenemende getalle die lewens- en arbeidsgemeenskappe van die immigrasielande te vorm. Die mees unieke volkstrek is die Joodse terugkeer na Israel[24]. Die volkstrek bring mee dat duisende immigrantekinders hulle in vreemde immigrasielande op skool bevind. Die maatreëls wat in elke land vir hulle onderwys getref is, is in tabel 54 opgesom.

Voortreflike maatreëls, gebaseer op intensiewe navorsing, is getref om die vreemdheid van immigrante te elimineer, die intraverhouding in die tradisionele idiostante kultuurkring te beskerm, die tradisionele nasionale karakter van onderwys, godsdiens en taal te behou, die outochtone kinders te beskerm en die immigrantekinders maksimaal aan die nuwe kultuur bloot te stel. Die meeste immigrasielande het 'n onderwysbeleid vir immigrantekinders geformuleer waarin voorsiening gemaak word vir die verspreiding van immigrantekinders deur 'n beperking in te stel van 20% per skool, 5% per nasionaliteit en vier tot vyf immigrantekinders per klas[25]. Immigrante se godsdienstige oortuigings word geëerbiedig maar deur verspreiding en onderwys word die eie godsdiens beskerm en word gepoog om te voorkom dat nuwe religieuse dogmas in die land posvat en na die onderwys

---

24. Vergelyk paragraaf 5.3.
25. Vergelyk paragraaf 5.5.1.2.

deurwerk[26].

Immigrantekinders moet primêr die voertaal aanleer om kultureel te integreer. Hulle word tot die voertaal van die omgewing verplig om 'n binnelandse polities-staatkundige konfrontasie, linguistiese oorlog en vreemde taalgroepvorming te voorkom. Immigrantekinders word van die tweede voertaal vrygestel en mag hulle eie taal neem. Indien hulle wel 'n tweede vreemde taal neem, word daar nie 'n aanvang mee gemaak voordat die voertaal eers gekonsolideer is nie[27].

Alhoewel private skole bestaan, word dit afgekeur omdat dit integrasie rem, nadelig vir immigrante is om aan die periferie van twee kulture te leef en nie in belang van die land is nie[28].

Klasindeling van immigrantekinders geskied met die oog op die herstel van die kontinuïteit van opvoeding en variërende grade van vreemdheid. Voorskoolse immigrantekinders woon kleuter= skole by om die voertaal aan te leer en ter wille van sosiali= sering[29]. Ontvangsentra is ingestel om onder andere immi= grantekinders na skole te versprei, hetsy vir direkte plasing in klasse, elastiese integrasie, oorgangsklasse of intensiewe kwartaal- of jaarklasse.

Adolessente is skoolpligtig om kultureel en ekonomies in te skakel. Voorsiening word vir remediërende onderwys gemaak. Leerstof word ook aangewend vir transkulturele onderwys.

Onderwysmetodes, veral die oudiolinguale metode wat op die fundamentele taal of woorde met die hoogste gebruiksfrekwensie gebaseer is, is daarop ingestel om die immigrantekinders so gou moontlik met 'n funksionele woordeskat toe te rus. Ver= skillende hulpmiddels word hiervoor aangewend, onder andere om

---

26. Vergelyk paragraaf 5.5.1.3.
27. Vergelyk paragraaf 5.5.1.4.
28. Vergelyk paragraaf 5.5.1.7.
29. Vergelyk paragraaf 5.5.1.8.

ook realiteitsituasies in die onderwys te skep. Vakansie= projekte vorm deel van die taalprogramme. Voldoende aan= vullende personeel word spesiaal opgelei en aangestel om in die behoefte van die immigranteonderwys te voorsien.

Immigranteouers ontvang taalonderwys om nie net ekonomies maar ook linguisties en kultureel in te skakel by die outoch= tone gemeenskappe en om betrokke te wees by die opvoeding van hulle kinders.

Daar bestaan egter ook leemtes in die onderwys van immigrante= kinders in die lande waar daar nog nie navorsing gedoen is nie[30)]. Situasies bestaan hier in die onderwys waar die vreemdheid van immigrantekinders beklemtoon en verleng word deur immigrantekinders in Übergangsklassen te isoleer of hulle in skole en klasse te laat akkumuleer.

7.6 Moontlike oplossings vir die probleme in die onderwys van immigrantekinders in die ondersoekterrein

Die voortreflike beleidsreëlings van die immigrasielande kan nie sonder meer in die ondersoekterrein toegepas word nie omdat aanbevelings aan Suid-Afrikaanse vereistes en omstandighede moet voldoen. Daarom is kriteria geformuleer met inagneming van die leemtes in die onderwys van die ondersoekterrein, his= toriese aspekte van immigrasie en voortreflike maatreëls in die buiteland. Die plaaslike immigranteonderwys is aan die kriteria getoets, leemtes en voortreflikhede is blootgelê en onderstaande voorstelle is ter verbetering gedoen:

(1) Onderwys en immigrasie moet gekoördineer word ter versuid= afrikaansing van immigrantekinders sodat die nasionale karakter van die onderwys beskerm word tot behoud van nasionale identiteit[31)].

---

30. Vergelyk paragraaf 5.5.2.
31. Vergelyk paragraaf 6.2.1.3.

(a) Eerstens is interdepartementele samewerking noodsaaklik om absolute koördinasie te bewerkstellig tussen voorsiening van onderwys aan immigrantekinders en die aard en omvang van immigrasie. Omdat immigrasie alle fasette van die volkshuishouding raak en veral 'n kumulatiewe effek op die onderwys het, is navorsing essensieel om die implikasies van immigrasie, met inagneming van die vreemdheidsfaktore en die faktore wat nasionale karakter van onderwys bepaal.

(b) Tweedens verg die nasionale onderwysbeleidsbepaling dat die onderwys 'n breë nasionale karakter moet hê, en dit impliseer enersyds in die geval van immigrantekinders oordrag van die Suid-Afrikaanse kultuur, die eliminering van vreemdheid, kulturele inskakeling en versuidafrikaansing met die oog op latere burgerskap. Andersyds impliseer dit vir die Suid-Afrikaanse kinders die beskerming en behoud van hulle nasionale identiteit, die nasionale karakter van die onderwys en kulturele bestendigheid. Versuidafrikaansing bevat inherent 'n dualisme, te wete Afrikaans of Engels, en het vir die doeleindes van hierdie ondersoek betrekking op die belewing van en identifisering met die Suid-Afrikaanse kultuur soos die immigrante dit aantref òf in die Afrikaansmediumskool en milieu òf in die Engelsmediumskool en milieu.

(c) Derdens behels die beskermingsfunksie van die Departement van Immigrasie dat immigrasie nie die volkskarakter aantas nie. Dit impliseer dat dit in nasionale belang is dat die getal en herkoms van immigrante beheer word en dat die immigrante assimileerbaar moet wees. Die getal immigrante moet tot 20% per skool, vier tot vyf kinders en 5% per nasionaliteit per klas beperk word sodat die assimilasievermoë van die skool en gemeenskap

nie oorskry word nie. Ter versuidafrikaansing moet die immigrantekinders planmatig maksimaal blootgestel word aan die Suid-Afrikaanse kultuur en leefwyse.

Immigrantekinders moet die skool van die onmiddellike omgewing bywoon en die skoolsones moet statisties so beplan word dat oormatige konsentrasies van immigrante=kinders nie in skole voorkom nie. Dit is baie belangrik dat die immigrantekinders maats maak met die Suid-Afrikaners, en 'n leerlingvoogstelsel behoort vir dié doel ingestel te word.

(2) Immigranteonderwys moet gerig wees op die behoud van die Suid-Afrikaanse Protestants-godsdienstige tradisie in die onderwys. Om die godsdiensverhouding te beskerm, moet die immigrasie van Rooms-Katolieke en Grieks-Ortodokse en permissiewe immigrante beperk word[32]. Immigrante en Suid-Afrikaners moet voorligting oor artikel 2(a) van Wet no. 39 van 1967 ontvang, en albei moet ook in liefde medemenslik saamleef.

(3) Die immigranteonderwys moet gerig wees op die behoud van die tradisionele taalverhouding van die outochtone blanke bevolking. Die immigrantekinders moet die voertaal vlot praat[33]. Die immigrante moet binne die verhouding 1 : 9 in die ondersoekterrein, 3 : 7 in Transvaal en 1 : 9 in die O.V.S. respektiewelik na Engelsmedium- en Afrikaans=mediumskole gekanaliseer word. Alle Kontinentaal-Germaanse immigrantekinders moet tot Afrikaans as verwante taal ver=plig word. Alle Diverse immigrante moet Afrikaans neem en geen staatsteun moet aan private moedertaalskole van vreemde immigrantetaalgroepe toegestaan word nie.

(4) Die immigranteonderwys moet gerig wees op die bemagtiging van die tweede amptelike taal nadat die voertaal gekonsoli=deer is[34]. Diegene wat reeds die voertaal magtig is, moet intensiewe taalonderwys in die tweede amptelike taal ontvang.

---

32. Vergelyk paragraaf 6.2.2.3.
33. Vergelyk paragraaf 6.2.3.3.
34. Vergelyk paragraaf 6.2.4.3.

(5) Onderwys, en by name die openbare skool, moet benut word om die immigrantekind op te voed in die volkskultuur ter versuidafrikaansing en latere burgerskap[35]. Immigrante=kinders moet slegs die openbare skole bywoon en saam met die Suid-Afrikaners gratis onderwys ontvang. Waar die getalle immigrantekinders dit regverdig, kan hulle onderwys in hulle moedertaal, onder toesig van die hoof, ontvang en moet hulle toegelaat word om dit as derde taal in matriek te neem. Private immigranteskole moet afgekeur word, aangesien dit daartoe lei dat die kind aan die periferie van twee kulture leef.

(6) Immigrantekinders, met insluiting van adolessente, moet voldoen aan die gangbare skoolplig[36]. Hulle mag egter nie vanweë taaltekortkominge teruggeplaas word nie. Im=migrante moet ook deur die Departement van Verdediging tot redelike militêre diens verplig word.

(7) Die toelating, groepering en klasindeling van immigrante=kinders moet gereël word ooreenkomstig die ideaal dat onderwys aan immigrantekinders net soos aan Suid-Afrikaanse kinders verskaf word ooreenkomstig die opvoedkundige be=hoeftes van die land[37]. Daar moet gepaste voorligting in dié verband verstrek word. Hulle taalbemagtiging moet primêr beklemtoon word.

(8) Pre-primêre onderwys is nodig vir voorskoolse immigrante=kinders wat nie die voertaal magtig is nie, en staats=ondersteunde en nywerheidskleuterskole en kindersorgsentra moet voorsien word om die onnodig hoë persentasie immi=grantekinders wat nie die voertaal in Graad 1 magtig is nie, drasties te verminder[38].

(9) Ontvangsentra moet voorsien word om skoolpligtige immigrante=kinders te identifiseer en die maksimum inligting van hulle skolastiese agtergrond in te win vir kanalisering na spesifieke skole[39].

---

35. Vergelyk paragraaf 6.2.5.3.
36. Vergelyk paragraaf 6.2.6.3.
37. Vergelyk paragraaf 6.2.7.3.
38. Vergelyk paragraaf 6.2.7.3.1.3.
39. Vergelyk paragraaf 6.2.7.3.2.3.

(10) Immigrantekinders moet so gou moontlik direk in normale klasse geplaas word en diegene wat nie die voertaal of tweede amptelike taal magtig is nie, moet die tale deur middel van taalonttrekkingsklasse aanleer[40]. Diegene wat nie een van die amptelike tale ken nie, moet op 'n meer elastiese wyse geïntegreer word.

(11) Immigrantekinders wat nie die voertaal magtig is nie, groter inskakelingsprobleme ondervind en die voertaal noodwendig in 'n korter periode voor skoolverlating moet aanleer om die kurrikulum te volg, moet intensiewe taal= onderwys in 'n kwartaal-, termyn- of trimesterklas ontvang[41].

(12) In uitsonderlike gevalle moet spesiale onderwys met behulp van 'n jaarinhaalklas verskaf word aan die immigrantekinders wie se onderwysstandaaard te kort skiet by hulle portuur= groep[42]. Dit is ook wenslik dat diegene wat ouer as 13 is en nog nie in St.5 geslaag het nie die Praktiese Beroeps= gerigte Kursus moet volg met behulp van elastiese integrasie.

(13) Voldoende voorsiening moet gemaak word vir remediërende onderwys aan immigrantekinders[43].

(14) Vakansieskole, plattelandse skole en koshuise en naskooluurse versorgingsentra moet by die onderwys van immigrantekinders betrek word, en Suid-Afrikaanse kinders moet opgelei word om hier prakties met inskakeling behulpsaam te wees[44].

(15) Die leerstof moet in die onderwys voorsiening maak vir akkulturasie, versuidafrikaansing en kulturele inskakeling van immigrante. Vakke, soos die estetiese vakke, wat hulle daartoe leen, moet aangewend word om kontak te maak met die "stom" immigrante om hulle te midde van die Babelse ver= warring in te skakel[45].

---

40. Vergelyk paragraaf 6.2.7.3.3.3.
41. Vergelyk paragraaf 6.2.7.3.4.3.
42. Vergelyk paragraaf 6.2.7.3.5.3.
43. Vergelyk paragraaf 6.2.7.3.6.3.
44. Vergelyk paragraaf 6.2.7.3.7.3.
45. Vergelyk paragraaf 6.2.8.3.

